# DIE ONDERRIG VAN STILLEES AAN DIE PRIMÊRE SKOOL MET SPESIALE VERWYSING NA DIE ONDERRIG VAN BEGRIPSLEES. 'N EKSPERIMENTEEL-OPVOED= KUNDIGE STUDIE.

DEUR

GERHARDUS JACOBUS ACKERMANN.

Proefskrif goedgekeur ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad doctor educationis aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

<u>PROMOTOR</u> :

PROF. DR. H.J.J. BINGLE.

DESEMBER 1955.

# Voorwoord.

Sedert 1950 is skrywer besig met studie en navorsing in verband met die onderrig van lees, stillees en begripslees aan die primêre skool. Dit is opvallend dat daar in Afrikaans nog so min gepubliseerde verslae oor navorsing in verband met die verskillende aspekte van leesonderrig bestaan. Mag die resultate van hierdie navorsing bydra tot die kennis van hierdie kernvak in die laerskoolkursus. Mag hierdie navorsing ander navorsers aanspoor om eksperimenteel die waarde van verskillende metodes van onderrig te bepaal.

Die toestemming van die Transvaalse Direkteur van Onderwys, dr. A.H. du P. van Wyk, om navorsing in skole te doen en gebruik te maak van die stilleestoetse van die Nasionale Buro vir Maatskaplike en Opvoedkundige Navorsing, het hierdie ondersoek moontlik gemaak.

'n Ad hoc-toekenning van die Nasionale Raad vir Sosiale en Opvoedkundige Navorsing het baie bygedra tot die voltooiing van hierdie ondersoek.

In die besonder wil ek my promotor prof. dr. H.J.J. Bingle, dekaan van die fakulteit van Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., bedank vir sy simpatieke leiding, raad en bystand gedurende die vyf jare waarin ek die voorreg gehad het om onder hom te werk.

Gedurende al my studiejare het my ouers, mnr. en mev. P.C. Ackermann, van die distrik Potchefstroom intens belang gestel. My eggenote en kinders moes gedurende hierdie jare baie opoffer. Aan hulle word hierdie proefskrif opgedra.

Hierdie proefskrif is taalkundig versorg deur mnr. Jan J. Nel.

# INHOUDSOPGAWE.

VOORWOORD.

INLEIDING.

A. Die Probleem.................................. 1 - 7.
B. Die doel van hierdie ondersoek............. 7 - 8.

HOOFSTUK EEN. GRONDBEGRIPPE.

A. Wat is taal? ................................ 9 - 10.
B. Die Funksie van taal........................ 10 - 18.
1. Taal en die kenfunksies.
2. Taal en die streeffunksies.
3. Taal en die gevoelsfunksies.
C. Taalbegrip.................................. 18 - 24.
1. Woordbegrip.
2. Sinsbegrip.
3. Paragraafbegrip.
4. Begrip van die hele stuk.
i. Die begrip van feite.
ii. Die begrip van gevolgtrekkings.
iii. Die begrip van toon en stemming.
D. Luisterbegrip............................... 24 - 30.
E. Leesbegrip ................................. 31 - 40.
1. Historiese oorsig oor navorsing insake leesbegrip.
2. Basiese aspekte van leesbegrip.
3. Wat is leesbegrip?

HOOFSTUK TWEE. FAKTORE WAT LEESBEGRIP KAN BEÏNVLOED.

A. Die aard van die leesproses............... 41 - 42.
B. Fisiologiese faktore....................... 42 - 53.
1. Asemhaling en klankvorming.
2. Ouditiewe waarneming van geluid.
3. Visuele waarneming van geskrewe taal.
4. Fisiese gebreke en leesmoeilikhede.
5. Die invloed van neurologiese gebreke op leesbekwaamheid.
6. Die vraagstuk van verstandelike aanleg en leesbekwaamheid.
7. Die invloed van die fisiologiese faktore op leesbegrip.
C. Psigologiese faktore....................... 53 - 71.

1. Waarneming.
2. Aandag, seleksie of opmerksaamheid.
3. Appersepsie.
a. Die kenlewe.
b. Die gevoelslewe.
c. Die strewingslewe.
4. Die invloed van waarneming, aandag en appersepsie op leesbegrip.
5. Die invloed van leesdoel op leesbegrip.
a. Lees vir ontspanning.
b. Lees vir informasie.
c. Lees vir waardering.
d. Leesdoel en leesbegrip.
6. Die invloed van gesindhede op leesbegrip.

HOOFSTUK DRIE. DIE PSIGIESE ONTWIKKELING VAN DIE LAERSKOOLKIND.

A. Inleiding..................................72 - .
B. Die taalontwikkeling van die kind....... 72 - 79.
1. Die voorskoolse taalontwikkeling.
a. Die begrip van taal.
b. Die eerste woord.
c. Ingewikkelde sinne.
d. Die ontwikkeling van die woordeskat.
2. Die ontwikkeling van die taalvermoë gedurende die laerskooljare.
C. Die ontwikkeling van die waarneming, die geheue en die denke.......................... 79 - 85.
1. Die ontwikkeling van die waarneming.
2. Die ontwikkeling van die geheue.
3. Die ontwikkeling van die denke.
a. Die werklikheidsgerigtheid.
b. Ontwikkeling van die konkrete na die abstrakte denke.
D. Die leesontwikkeling van die Kind...... 85 - 89.
1. Die herkenningsfase.
2. Die fase van tempo-ontwikkeling.
3. Die begripsfase.
E. Die ontwikkeling van die leesbelangstelling...................................90 - 93.
F. Die vraagstuk van leesrypheid..........93 - 95.
1. Rypheid vir aanvangsleesonderrig.
2. Wanneer is die kind ryp vir stilleesonderrig?
3. Wanneer is die kind ryp vir begripslees?

## HOOFSTUK VIER. HULPMIDDELS BY DIE ONDERRIG VAN STILLEES.

A. Hardop- en stillees........................96 - 99.

1. Die doel van leesonderrig.
2. Verskille en ooreenkomste tussen stil- en hardoplees.

B. Hulpmiddels by die onderrig van stillees......99 - 116.

1. Taalstudie en grammatika.
2. Die taalskatbussie.
3. Die spreekles.
4. Die voordragles.
5. Die onderrig van spelling.
6. Die skoolbiblioteek.
7. Luisteroefeninge.
8. Meganiese hulpmiddels.

C. Die waarde van hierdie hulpmiddels vir die onderrig van stil- en begripslees...................... 116.

## HOOFSTUK VYF. ALGEMENE VEREISTES VIR EN METODES VAN STILLEESONDERRIG.

A. Leerplanvereistes.............................117-121.

1. Die tydsindeling.
2. Leerplanvereistes vir stillees.

B. Vereistes vir metodes van leesonderrig......121-123.

C. Aanvangsleesmetodes..........................124-129.

1. Die alfabetmetode.
2. Die klankmetode.
3. Die woordmetode.
4. Die frasemetode.
5. Die sinmetode.
6. Die storie- of paragraafmetode.
7. Die globale leesmetode.

D. Algemene metodes van stilleesonderrig.......129- 140.

1. Metode no. 1. Oefeninge vir oogbewegings.
2. Metode no. 2. Die flitskaart.
3. Metode no. 3. Indeling in sinsnedes.
4. Metode no. 4. Die dramatisering van 'n verhaal.
5. Metode no. 5. Oorsigtelikleea.
6. Metode no. 6. Frasejag.

E. Samevatting................................ 140.

HOOFSTUK SES. BESONDERE METODES VAN STILLEESONDERRIG.

A. Meting........................................141-146.

1. Die meting van tempo.

2. Die meting van leesbegrip.

B. Besondere metodes van stilleesonderrig.........146- 169.

1. Besondere metodes geskik vir standerds een en twee.

a. Algemene vereistes vir hierdie ouderdomsgroep.

b. Luisteroefeninge.

c. Spoedoefeninge.

d. Begripsoefeninge.

e. Waarderend lees.

f. Ongekontroleerde lees.

2. Besondere metodes geskik vir standerds drie en vier.

a. Algemene vereistes.

b. Luisteroefeninge

c. Spoedoefeninge.

d. Begripsoefeninge.

e. Waarderend lees.

f. Lees vir ontspanning.

3. Besondere metodes geskik vir standerd vyf.

a. Algemene vereistes.

b. Begripsoefeninge.

c. Waarderend lees.

C. Die gebruik van hierdie oefeninge..............169-171.

HOOFSTUK SEWE. TEMPO EN BEGRIP.

A. Inleiding....................................172-174.

B. Faktore wat leestempo beïnvloed...............174-182.

1. Fisiologiese faktore.

a. Die ruspouses.

b. Die spronge.

c. Die terugspronge.

d. Die ontwikkeling van die oogbewegings.

2. Psigologiese faktore.

C. Eerste leeseksperiment.........................182-220.

1. Die doel van die eksperiment.

2. Die verloop van die eksperiment.

a. Die proefpersone.

b. Die eksperimentele faktor.

3. Die toetsing.

a. Die toetsomstandighede.

b. Die gebruikte toetse.

4. Ongekontroleerde faktore.

5. Die nasien van die toetsboekies,

HOOFSTUK SEWE (vervolg).

C. 6. Statistiese gegewens en bespreking van resultate.
a. Resultate van spoedtoets.
b. Resultate van woordeskattoets.
c. Resultate van sinnetoets.
d. Resultate van paragraaftoets.
e. Die invloed van die versnelling van die leestempo op die intelligensiekwosiënt van die proefpersone soos gemeet met die Suid-Afrikaanse groepskaal.
f. Gevolgtrekkings.
7. Algemene bevindings.

HOOFSTUK AGT. DIE INVLOED VAN DIE INDELING VAN LEESFRASES OP LEESBEGRIP.

A. Inleiding ........................................ 221-223.
B. Tweede leeseksperiment ........................ 223-235.
1. Die doel van hierdie eksperiment.
2. Die verloop van die eksperiment.
a. Die proefpersone.
b. Die eksperimentele faktor.
3. Die toetsing.
a. Die toetsomstandighede.
b. Die gebruikte toetse.
4. Ongekontroleerde faktore.
5. Die nasien van die toetsboekies.
6. Statistiese gegewens en bespreking van resultate.
a. Resultate van die woordeskat.
b. Resultate van die uitdrukkingstoets.
c. Resultate van die vraetoets.
C. Gevolgtrekkings................................235-239.

HOOFSTUK NEGE. DIE ONDERRIG VAN STILLEES EN BEGRIPSLEES AAN DIE PRIMÊRE SKOOL.

A. Die probleem........................................240-244.
B. Die leesvermoë......................................244-253.
1. Lees as 'n herkenningsproses.
2. Lees as 'n denkproses.
3. Lees as 'n waarderingsproses.
4. Wat is lees dan?
C. Die ontwikkeling van die leesvermoë...........253-256.
1. Resultate van hierdie ondersoek.
2. Die stadia in die kind se leesontwikkeling.

HOOFSTUK NEGE. (vervolg).

D. Die opstel van 'n leesprogram................ 25(

E. Die oplossing van die probleem............... 26(

F. Moontlike verdere ondersoeke.................260

---

LYS VAN FIGURE.

No. Naam en onderwerp. bla

I. Skets van gefotografeerde oogbewegings.

II. Grafiese voorstelling van die vermeerdering in die R.G. van die prestasies van die eksperimentele groep in die vier verskillende toetse.....

III. Grafiese voorstelling van die vermeerdering in die R.G. van die prestasies van die kontrolegroep in die vier verskillende toetse.........

IV. Noukeurigheidskwosiënt van die eksperimentele groep in die vier toetse.......................2

V. Noukeurigheidskwosiënt van die kontrolegroep in die vier toetse................................2

VI. Grafiese voorstelling van die prestasies in die drie toetse.............................. 2

LYS VAN TABELLE.


| No. | Naam van tabel. | Bladsy no. |
|---|---|---|
| I. | Die groei van die woordeskat. | 78. |
| II. | Tydindeling vir taalonderrig in ure. | 117. |
| III. | Verdeling van proefpersone volgens geslag en skoolstanderd. | 183. |
| IV. | Die R.G., Verspreidings- en Betroubaarheids-waardes van spoedtoetse. | 193. |
| V. | Die gemiddelde noukeurigheidskwosiënt by hierdie spoedtoets. | 196. |
| VI. | Die R.G., Verspreidings- en Betroubaarheids-waardes van die woordeskattoets. | 197. |
| VII. | Noukeurigheidskwosiënt by die woordeskat-toets. | 198. |
| VIII. | Die R.G., Verspreidings- en Betroubaarheids-waardes van die prestasies in die sinnetoets. | 199 |
| IX. | Noukeurigheidskwosiënt by sinnetoets. | 200. |
| X. | Die R.G., Verspreidings- en Betroubaarheids-waardes van prestasies in die paragraaftoets, | 201. |
| XI. | Noukeurigheidskwosiënt by die paragraaftoets. | 202. |
| XII. | Die R.G., Verspreidings- en Betroubaarheids-waardes van die Intelligensiekwosiënt. | 204. |
| XIII. | Analise van die individuele prestasies by I.K.meting. | 205. |
| XIV. | Mediane van die verskillende subtoetse van die S.A.groepskaal in terme van roupunte. | 209. |
| XV. | Die Leestempo van tien proefpersone aangegee as aantal woorde per minuut gelees. | 211. |
| XVI. | Verdeling van proefpersone volgens geslag en ouderdom. | 223. |
| XVII. | Die R.G., Verspreidings- en Betroubaarheids-waardes van die woordeskattoets | 230. |
| XVIII. | Korrelasie-koëffisiënte: Woordeskattoets. | 231. |
| XIX. | Die R.G., Verspreidings- en Betroubaarheids-waardes van die uitdrukkingstoets. | 232. |
| XX. | Korrelasie-koëffisiënte: Uitdrukkingstoets. | 233. |
| XXI. | Die R.G., Verspreidings- en Betroubaarheids-waardes van die vraetoets. | 234. |
| XXII. | Korrelasie-koëffisiënte: Vraetoets. | 235. |


oooOooo

# INLEIDING.

## A. Die Probleem.

Dikwels word daar vandag deur lede van die publiek, deur hoofde van staatsdepartemente, deur private werkgewers en deur die personeel van universiteite bedenkings geopper teen die doeltreffendheid van die opvoeding en onderwys aan ons primêre en sekundêre skole. Die klagtes is nie soseer gemik teen die sedelik-morele karakter van die leerlinge nie, maar teen die werksgeskiktheid van die groep leerlinge wat jaarliks die skole verlaat om hoër onderwys te ontvang of om op die arbeidsmark mee te ding.

Dat daar kritiek uitgeoefen word, of dit nou al geregverdig is of nie, is veral eienaardig as in aanmerking geneem word watter vooruitgang daar gedurende die afgelope kwart-eeu op alle terreine van die onderwys gemaak is. As gevolg van beter onderwysmetodes, die talle hulpmiddele in die onderwys, beter fasiliteite in ons skole en opleidingskolleges, die deegliker opleiding van onderwysers en die gevolglike beter potensiële onderrig van die leerlinge, is dit billik om te verwag dat die prestasies van die leerlinge wat jaarliks ons skole verlaat, beter behoort te wees as 'n kwart-eeu gelede. Nieteenstaande hierdie skynbare vooruitgang en vooruitstrewendheid op onderwysgebied, is die klagtes geneig om eerder toe as af te neem. Is hierdie kritiek geregverdig, of is dit maar 'n uiting van die tydsgees om met alles en almal fout te vind?

Om nader op die vraagstuk in te gaan: As gevolg van die snel veranderende wêreld het die eise wat aan leerlinge gestel word na voltooiing van hulle skoolopleiding, baie verander. Alle beroepe en ambagte is vandag hoogs gespesialiseerd, met die gevolg dat daar vir die

onopgeleide

onopgeleide persoon baie min kans is om te presteer. Die hele samelewing vereis spesialisasie. Hierteenoor staan die feit dat die laerskool geen spesialisasie bied nie en die middelbare skool slegs in 'n mate.

Die funksie van die primêre skool is om 'n omgewing te skep wat aan die kind geleentheid en prikkeling bied vir sy algemeen-liggaamlike en geestelike groei en ontwikkeling.[1] Vanuit 'n maatskaplike standpunt beskou, is die primêre skool die plek waar die kind vinnig ingelei word in die kennis, vaardigheid en kultuur van sy eie volk. Vanuit 'n sielkundige standpunt beskou, is die plig van die primêre skool om geleentheid te bied vir die geestelike en verstandelike groei van die kind. Gesien uit die standpunt van die onderwysers, is die funksie van die primêre skool om aan die kind sekere vaardighede en bekwaamhede, w.o. lees, skryf en reken, te leer wat dwarsdeur sy lewe nuttig sal wees.

Prof. Coetzee som die funksies van die primêre skool soos volg op: „Dit moet aan alle leerlinge 'n skoolse voorbereiding vir 'n intrede in die volle verantwoordelikhede en pligte van die industriële, politieke, maatskaplike, verstandelike, sedelik-godsdienstige lewe, gee. Daarmee word geensins bedoel 'n beroepskundige voorbereiding nie, slegs 'n skoolse voorbereiding vir die eintlike beroepsopleiding".[2]

Die sekundêre of middelbare skool bou voort op die werk van die primêre skool en bied 'n meer gevorderde onderrig in kennis en wetenskap as grondslag vir verdere opleiding. Die hoofkenmerk van die onderrig aan die sekundêre skool is die wetenskaplike vorming van die leerlinge.

---

1. Coetzee, prof. J.C.: „Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde", bl. 41.
2. Ibid. bl. 42.

Daarbenewens moet die sekundêre skool die leerlinge sosiaal bruikbaar maak deur hulle individueel-kultureel en sedelik-godsdienstig te vorm.[3] Verder moet die individuele verskille in aandag, vermoë en belangstelling gediagnoseer word, sodat daar deur differensiëring van kursusse voorsiening gemaak kan word vir die ontwikkeling van die aanleg, vermoë en belangstelling van die leerlinge.

Dit is dus nie die plig of die funksie van die primêre en sekundêre skole om beroepsopleiding aan leerlinge te verskaf nie. Daar bestaan egter die moontlikheid dat die onderrig aan die primêre skool wel kan bydra tot die sukses of mislukking in die keuse van 'n beroep, aangesien die primêre skool die grondslag moet lê van sekere primêre vaardighede en bekwaamhede. In die primêre skool leer die kind die grondbeginsels van lees, reken en skryf, drie vaardighede wat dwarsdeur die skoolloopbaan van elke leerling gedurig gebruik word en wat ook in die beoefening van 'n beroep onontbeerlik is. Indien die primêre skool hierdie fondament nie deeglik lê nie, mag dit as gevolg hê dat een of meer van hierdie vaardighede later gebrekkig ontwikkel en dat die detrimenterende gevolge van hierdie gebrekkige ontwikkeling in die latere lewe gevoel sal word.

Daar bestaan 'n gevaar dat hierdie drie kernvakke, lees, reken en skryf, nie die aandag kry wat hulle werklik verdien nie. Die laerskoolkursus is oorlaai met vakke, met die gevolg dat die gevaar bestaan dat vakke wat in die periferie lê, meer tyd en aandag kry as wat hulle werklik verdien. Dit is opmerklik dat daar by die opleiding van onderwysers aanvullende kursusse in vakke soos kunsvlyt en liggaamlike opvoeding bestaan, en dat onderwysers dikwels 'n gespesialiseerde opleiding in hierdie vakke

3. Coetzee, prof. J.C.: ibid. bl. 47-48.

ontvang, maar dat daar nog nie sulke kursusse bestaan vir die aanvulling van kennis in die onderrig van die drie kernvakke nie.

Dit is veral opmerklik dat opvoedkundiges die afgelope tiental jare meer en meer besef dat leesbekwaamheid 'n vereiste vir doeltreffende onderrig is, nie alleen aan die primêre skool nie, maar ook vir sekundêre en tersiêre onderrig. Om doeltreffend te studeer is doeltreffende lees nodig, veral met die oog op die toenemende hoeveelheid studie-materiaal wat die student in haas elke vak teëkom. Dat opvoedkundige navorsers die belangrikheid van leesonderrig besef, blyk uit die feit dat alleenlik in Engeland en Noord-Amerika die resultate van meer as drieduisend navorsingseenhede tot dusver gepubliseer is en dat jaarliks ongeveer nog 'n honderd tot hierdie getal bygevoeg word.

Dat opvoedkundiges besef dat daar twyfel bestaan omtrent die doeltreffendheid van die onderrig aan die primêre skole en dat gebrekkige leesonderrig verantwoordelik kan wees vir hierdie twyfel, blyk uit die feit dat proff. Vernon en Watts gedurende 1948 in Engeland meer as negeduisend persone van verskillende ouderdomme getoets het in 'n poging om vas te stel of die peil van leesonderrig aan skole in Engeland gedaal het.[4] Die resultaat van hierdie ondersoek het, volgens die navorsers, bewys dat dit nie die geval is nie. Ook prof. W.S. Gray, Amerikaanse outoriteit op die gebied van leesonderwys, ontken dat die standaard van leesonderrig in die V.S.A. gedaal het.[5] Prof. Gray voer as redes vir hierdie beweerde daling in leesbekwaamheid aan dat leerlinge tans jonger is as wat hulle 'n dekade

---

4. Great Britain, Ministry of Education: „Reading Ability", bl. 12.

5. Gray, W.S.: „What is the evidence concerning reading", Progressive Education, Jan. 1952, bl. 105-115.

gelede in dieselfde standaards was, en dat die veranderde vereistes meegebring het dat die beoogde doelstellings met leesonderrig gewysig moes word. Indien die maatstawwe wat 'n dekade gelede vir doeltreffende lees geldig was, vandag toegepas sou word, sal 'n verskil in prestasies wel opgemerk word, hoewel dit geensins beteken dat die huidige peil van leesbekwaamheid van leerlinge laer is as wat dit destyds was nie.

Hoewel hierdie drie navorsers gevind het dat die standaard van leesbekwaamheid nie gedaal het nie, bewys hierdie bevindings nog nie dat ons huidige leesonderrig nie gebrekkig is nie. Daar is alreeds op gewys dat die samelewing spesialisasie vereis. Ten einde te spesialiseer moet beroepslui gedurig op hoogte bly met die nuutste en jongste verwikkelings en tegnieke in hulle besondere beroepe. Daarvoor is nodig dat hulle baie moet lees. Die probleem is dan nie net om te lees nie, maar om te verstaan wat gelees word, sodat daardie kennis gebruik kan word in die daaglikse beoefening van hulle onderskeie beroepe. Om dit te kan doen, moet die leesbekwaamheid van hierdie mense goed ontwikkel wees.

Die vraag is nou of die primêre skool wel die leesvermoë van die leerlinge genoegsaam ontwikkel om in hierdie behoefte te voorsien. Anders gestel, word die leesbegripsvermoë van die leerlinge genoegsaam ontwikkel en leer hulle al in die skool om begrypend te lees, of word alleenlik die meganiese aspek van die leesvermoë ontwikkel? Die besef dat leesonderrig een van die belangrikste take van die laerskoolonderrig is, het gelei tot hierdie ondersoek.

Leesonderrig bied egter 'n groot aantal moeilike vraagstukke. Hierdie vraagstukke kan in verskillende groepe soos volg verdeel word:

1.

1. Higiëniese vraagstukke wat handel oor klaskamerbeligting, grootte en vorm van letters, lengte en spasiëring van reëls, kleur, soorte en tekstuur van papier, die leeshouding van leerlinge, die afstand van die leesmateriaal van die oog en asemhaling by hardoplees.
2. Sosiologiese vraagstukke wat handel oor die invloed van leesmateriaal op die persoonlikheid en karakter van die leerlinge, die invloed van sekere tipes boeke op die individu en sy verhouding tot sy gemeenskap, die noodsaaklikheid van sensuur en die doel en waarde van biblioteke.
3. Organisatoriese vraagstukke wat handel oor die indeling van klasse en leesgroepe, tydsindeling op die rooster en die noodsaaklikheid van die instelling van aanpassingsklasse.
4. Didaktiese vraagstukke wat weer onderverdeel kan word in:
   a. die fisiologie van lees,
   b. die psigologie van lees,
   c. die doeltreffendheid van sekere leesmetodes,
   d. die leesbaarheid van en die vereistes vir goeie leesmateriaal.

Dit sou ongetwyfeld interessant en leersaam gewees het om al hierdie vraagstukke in verband met lees en leesonderrig te bestudeer en te bespreek. Weens die omvang van die terrein en die omvattendheid van so 'n taak, is dit egter onmoontlik om al hierdie vraagstukke te ondersoek en te bespreek binne die bestek van 'n verhandeling. Daarom moes die veld van ondersoek beperk word.

Die didaktiese vraagstukke is vir die onderwyser aan wie se sorg 'n groep kinders vir onderrig toevertrou is, van aktuele belang. Daarom is besluit om die veld van ondersoek te beperk tot die didaktiese vraagstukke in verband met lees en leesonderrig.

'n Studie van selfs net die didaktiese vraagstukke sou nog 'n omvattende taak gewees het; daarom moes die terrein nog verder beperk word. Aangesien stillees om

verskillende redes baie meer beoefen word as hardoplees, veral buite die klaskamer, is besluit om die onderrig van stillees te ondersoek.

Lees sonder leesbegrip is geen lees nie, want om te lees sonder om in staat te wees om te persipieer, te assimileer, te selekteer en te reproduseer wat gelees is, het vir die individu geen waarde nie. Daarom sou dit nutteloos wees om slegs een of enkele aspekte van die gekompliseerde leesproses oor te beklemtoon en die ander te negeer. Leesbegrip is in die verlede dikwels genegeer of hoogstens beskou as 'n soort toevallige neweproduk van lees. So 'n opvatting insake die doel en aard van stillees en begripslees mag juis die rede wees waarom die leerlinge wat die primêre en sekundêre skole verlaat, nie in staat is om aan te pas nie by die werksomstandighede en studievereistes van hulle latere beroepe.

Daarom is die veld van studie en ondersoek beperk tot stillees en begripslees.

B. <u>Die doel van hierdie ondersoek.</u>

Die doel van hierdie verhandeling is om 'n eksperimenteel-opvoedkundige studie te maak van die onderrig van stillees aan die primêre skool, met besondere verwysing na die onderrig van begripslees.

Die doel van hierdie ondersoek kan soos volg ontleed word:

1. As eerste en algemene doelstelling wil ons op grond van die jongste beskikbare gegewens en resultate van navorsing in verband met lees vasstel wat die aard van die leesdaad is om sodoende tot 'n definisie van leesbegrip en begripslees te geraak.

2. Die tweede algemene doelstelling is om na aanleiding van die moderne opvatting oor die ontwikkeling

van die primêre skoolleerling, vas te stel watter leesprogram en watter leesmetodes aan die primêre skool met sukses vir die bevordering van lees, stillees en begripslees toegepas kan word.

3. As meer praktiese doelstelling wil ons op grond van studie en ervaring nagaan watter hulpmiddele en metodes die onderwyser kan gebruik om stillees en begripslees te bevorder.

4. As besondere eksperimentele doelstellings, het ons deur klaskamereksperimente probeer vasstel wat die waarde en die invloed van die volgende faktore en metodes van onderrig op die ontwikkeling van begripslees is:

a. die waarde en invloed van die versnelling van die leestempo vir meganiese en begripslees,

b. die invloed van vermeerderde leestempo op die intelligensiemeting van die leerlinge, en

c. die invloed van die indeling van leesfrases op begripslees.

oooo0oooo